
S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEUR-DER REEKS
No. 15
Glimmende
braam te roux

Kobus luister aandagtig. Die krieke gaan voort met hulle krasserige koorsange. Dit voel vir hom ineens of daar iemand in die donkerte voor hom skuil. Hy dink daaraan: As hulle hom wil doodmaak, hom wil inwag, is hierdie net die regte plek om hom voor te lê. Hulle weet dat hy hierheen moet terugkom. 'n Gevoel van koue vrees pak Kobus ineens beet. Sy perd roer onder hom en hy buk en streel die geleende dier oor die slank nek. Daar by die wit geboutjie waarin Pieter se lyk lê, het die krieke ook eensklaps hulle sang gestaak. Hier om en by Kobus sanik die insekte egter nog voort.



## INHOUD

Hoofstuk | Bladsy

1. Die Vreemde Wese .............................. 3

2. Grynsende Skedels .............................. 12

3. Die Gees Wat Sweef .............................. 26

4. 'n Grusame Fonds .............................. 38

5. Pyle Met Bloed .............................. 50

6. Stil Kom Die Dood .............................. 62

7. Skaduwees op die Stoep .............................. 74

8. Geroep By Die Deur .............................. 86

## Hoofstuk 1

## DIE VREEMDE WESE

Sersant Beyers druk met sy elmboë op die toonbank en staar by die deur uit na die bosse en die rotsagtige Lebomboberge hier vlak by hom. Die aalwyne en madeliefies groei tussen die skurwe rotse en vertoon hulle rooi en oranje krone met trots. Gister het sers. Beyers nie die blommende madeliefies gesien nie, want toe was daar nog die nare vooruitsig om nog 'n aand hier op Fig Tree deur te bring. Vandag lyk alles egter vir hom anders, want vandag is dit sy laaste dag hier op die polisiestasietjie naby die grens van Portugees-Oos-Afrika aan die een kant en Swaziland aan die ander kant. Môre sal hy nie weer die son hier sien opkom nie. O, nee, met dagbreek môre sal die trein al baie naby die hoofstad, Pretoria, slinger.

Daar is 'n glimlag om sy lippe terwyl hy die koppie koffie wat die swart konstabel netnou vir hom gebring het, stadig inslurp, asof hy die voggies daarbinne wil troetel, nie wil hê dat dit gou moet opraak nie.

Die sonbesies kras hier voor hom tussen die maroela-bome, maar vanoggend werk dit nie op sy senuwees nie. Dit is vanoggend amper musiek, 'n afskeidskoor ter ere van hom, sers. André Beyers, vrygesel, geen kinders en geen vriende nie, behalwe konstabel Pieter van Rensburg en Eliaz Tombi, die swart konstabel. Maar hulle is mekaar al so gewoond dat hulle vir mekaar glad nie eers meer môre sê nie.

Die dag het nog skaars begin, maar die son brand alreeds fel neer. Dit is of die lug hier in en om die sinkgeboutjie stol, asof dit onbeweeglik op die polisiestasietjie neerdruk. Die strale sidder teen die berghelling neer en mens wonder hoe dat die Baberton-madeliefies dit nog kan hou in hierdie skroeiende hitte.

Bo-op die kruin van die berg staan 'n groot naboom wat sy sappige takke sierlik uitskiet asof hy die son uitdaag om hom daar tussen die rotse te ontwortel, uittartend waag om sy takke aan die felle strale bloot te stel. Maar die naboom is 'n kanniedood, net soos die wilde-turksvy.

Eergister het hy eers gehoor dat sers. Kobus Roode sy plek hier op die grens kom inneem. Hy ken Kobus. Hulle was saam

op skool. Hulle was nogal boesemvriende in die Polisiekollege. Hy weet ook van Kobus Roode se prestasies, maar hy kan dit nog nie begryp waarom Kobus hierheen kom nie, hierheen as sersant terwyl hy reeds sy merk as speurder gemaak het. Maar hy weet Kobus is nie aldag reg nie. Hy is 'n man wat van die veldlewe hou, en dis moontlik dat hy vir hierdie verplasing gesoebat het. Nou ja, alle heil en voorspoed vir Kobus. Wat hom betref, kan hy Fig Tree present kry, met al die koedoes in die omtrek, met al die vet rooibokke wat bedags lui-lui onder die delgoa-dorings wei. Hy het genoeg van hierdie verlate plekkie op die aardbol waar daar nog nooit iets gebeur het nie. Al opwinding wat hier nog ooit was, was die slag toe hy die wilddiewe moes aankeer. Die meeste van hulle het egter oor die Lebomboberge ontsnap.

André Beyers sit sy leë koppie neer en staar dan daar na die berghang toe. Hy het hom netnou al verbeel dat hy daar iets sien roer het, en nou sien hy daardie beweging weer, net links van daardie groot naboom. Hy weet dat dit maar seker weer 'n paar weiende koedoes is. Hy tel sy verkyker egter desnietemin op en staar na die ruwe rotse. Die naboom is nou digby hom. En ja, net soos hy gedink het. Dit is koedoes. Naby die boom swaai 'n koedoebul sy sierlike horings heen en weer en twee vet koeie wei digby hom. Hulle word vet daar aan die hang van al die rosyntjiebosse.

Terwyl André Beyers kyk, ruk die bul sy sierlike kop orent en dadelik kan André sien dat hy in spanning verkeer. Ook die koeie is dadelik op hulle hoede. 'n Oomblik later gee die bul eers na die een kant toe pad en dan na die ander kant toe. Daar is egter nie 'n lang geaarsel nie. Skielik trek hy sy horings plat op sy kop en skiet vorentoe. Die koeie val dadelik agter hom in, en André volg hul vlug deur die verkyker totdat hulle in die nabye bosse verdwyn.

,,Nou wie sou hulle rus verstoor het?'' praat André met homself.

Hy rig die verkyker weer op die naboom en die volgende oomblik trek hy sy asem diep in. Twee half naakte swartes storm by die naboom verby. Hulle gluur telkens na agter, maar dit is vir André duidelik dat hulle besig is om vir iets te vlug. André lig sy verkyker 'n bietjie en dan sien hy die kop wat agter die rots uitloer, 'n vyftig tree agter die vlugende swartes.



Vinnig ruk die sersant die verkyker voor sy oë weg.

,,Maar dit is onmoontlik! Dit is onmoontlik! Dit kan nie wees nie! Wat is daardie?''

Met sy blote oog kan hy egter net die swartes sien wat nou tussen die bosse verdwyn, dieselfde bosse waaragter die koedoes ingevlug het. Tussen daardie rotse by die naboom kan hy met sy blote oë ook slegs 'n dowwe beweging sien. Hy druk die verkyker dus weer voor sy oë en brom onderlangs. Hy soek effens en dan rus sy oë weer vol verbasing op die ding daar teen die rotse. Dit is 'n man, dit is duidelik, maar hy is kaalvoet. Dit is boonop 'n witman, maar met die langste bos baard wat André nog ooit aan 'n mens gesien het. Dit hang laag op sy ontblote bors. So naby is die baardman deur die verkyker dat André sweer dat hy hom kan sien lag.

Sers. Beyers kan nog steeds sy oë nie glo nie. Die bebaarde figuur staan nou op die rotse. Dit lyk kompleet asof hy lus is om 'n skoot agter die twee vlugtende swartes aan te stuur, maar hy bedink hom blykbaar.

,,Eliaz, Eliaz, kom gou hier!'' roep hy na die swart konstabel.

Die volgende paar oomblikke verloop in stilte, maar dan klap Eliaz se swaar polisiestewels op die plankvloer.

,,Ja, my baas?''

,,Wag met jou swaar liggaam daar voor in die deur,'' en die sersant beduie vir hom om eenkant toe te staan, terwyl hy die wese daar teen die hang van die berg weer beloer.

,,Hemel, maar dit is tog so! Eliaz, kom staan hier waar ek staan en loer hier deur my verkyker en dan sê jy my of jy sien wat ek daar teen die hang sien. Maak gou! Moet my nie aangaap nie!''

Eliaz spring rats agter die toonbank in en neem die verkyker by André Beyers. Die swarte druk die verkyker voor sy oë. André help hom.

,,Kyk na die rotse agter daardie groot naboom. Kyk gou voordat daardie ding wegraak! Kyk of ek nie droom nie.''

Eliaz brom agter die verkyker, maar skielik sien André hoe die skepsel se liggaam ruk. Hy begin 'n rympie in sy moedertaal opsê.

,,Sien jy dit? Sien jy dit?''

,,Auk, Morena, auk! Ek sien hom. Sepoko. Morena! Dis die

spook daardie!''

Die swarte is vaal-bleek en hy laat sak die verkyker. Die sersant gryp dit by hom, kyk weer na die vreemde wese en klap met sy tong. Skielik sien hy egter hoe dat die baardman rats agteruit spring en dan agter die rotse verdwyn.

,,Eliaz, Sepoko of nie Sepoko nie, wat boer hy helder oordag hier naby ons? Saal die perde op en gaan skud vir baas Pieter uit die vere. Sê hy moet gou maak. Ons moet teen die berg opgaan.''

Sers. André Beyers spring haastig om en gryp sy geweer van die rak af. Hy kyk of die magasyn vol is en skree Eliaz dan weer agterna:

,,Roer jou litte, Eliaz, en sê vir baas Pieter hy moet dieselfde doen! As daardie baardman 'n spook sien, dan het ek my eerste spook gesien en dan gaan ek my afskeid hier vier met 'n spook in die tronk.''

,,Morena, hy is die Sepoko. Eliaz hy weet. . . Almal die swart mense hy bang die Sepoko. . . By die nag daar is ok die lig by die lug!'' skree die swart konstabel terwyl hy vooruit hardloop na die klein platdakhuisie tussen sierlike kafferbome in blom.

André onthou nou dat daar in die afgelope tyd 'n paar swartes kom kla het dat hulle 'n man sonder kop in die nag naby die berg sien rondsweef. Hy het hom egter nie daaraan gesteur nie en vir die klaende swartes laat verstaan dat die polisie nie daar is om spoke te vang nie. Buitendien glo hy nie aan die goed nie. André weet ook dat die swartes wat in die kloof teen die hange van die berg gebly het, hulle gou uit die voete gemaak het. Die wilde swartes het die berg met die naboom gou ,,Berg van die Spook'' gedoop en nooit weer daar gekom nie. Hulle huisies, hutte en pondokke het hulle afgebreek en 'n hele end van die berg af gaan woon.

André het sy weggaan nou vergeet. Hier gaan 'n bietjie opwinding wees. Hy glip by die deur uit en stap vinnig na die stal toe waar drie perde, pragtig versorg en geroskam, aan die krip staan. Hy sleep sy ou Witvoet uit, streel die dier en begin dan opsaal.

Binne enkele sekondes is nie net Witvoet nie, maar ook die perd van Pieter van Rensburg, die negentienjarige konstabel, opgesaal. Pieter het gisteraand tot tienuur gewerk, en in so 'n



geval is die konstabel dan eintlik vry tot tienuur vanoggend, maar André is vasberade om jag te gaan maak op daardie eienaardige wese wat blykbaar daarop uit was om die swartes 'n doodse skrik op die lyf te jaag.

Sers. André Beyers wou net op Pieter skree, toe twee swartes tussen die bome verskyn en reg op hom afpyl. Hy sien sommer dadelik dat hulle deur die wind is, en weet ook dat dit swartes is wat daar bo teen die hang van die berg voor die bebaarde wese uitgevlug het.

,,Morena!'' skree die een nog voordat hy by André is. ,,Morena, die ding is weer by die berg. . . die wit Sepoko met die baie hare! Hy het ons gejaag, Morena! Hy het 'n geweer! Hy woon in die grotte soos 'n dier!''

Nou weet André. Twee maande gelede het hulle vir die eerste keer met hierdie idee van 'n spook met hare gekom. Hy het dit al vergeet. Vanoggend kan hy hulle egter nie terugjaag met die raad: ,,Suip minder bier nie.'' want hy het die wese self gesien.

,,Wat het julle daar gaan soek?'' vra André vinnig.

,,Die stamvrugte en wildepruime is ryp, Morena, maar die Sepoko, Seroti, hy het net oor ons geblaas toe lê hierdie kinders oop. Ons sal nooit weer daar gaan nie!''

,,Toe maar, kinders van Gam,'' spot André, ,,ek gaan nou soontoe. Ek het die Sepoko met my polisie-oë gesien en ek gaan hom vir julle vang.''

,,Jo. . . jo, Morena! Oppas vir die Berg van die Spook! Daardie Sepoko is nie sommer 'n sepoko nie.''

,,Toe maar, gaan julle maar huis toe en gaan skinder maar lekker oor wat julle gesien het. Ek gaan die Sepoko haal.''

Binne enkele oomblikke het die bos wat die polisiestasie omring, die twee swartes weer ingesluk. Net op daardie oomblik kom die lang, breedgeskouerde Pieter daar aan. Dit is egter duidelik dat hy nog half deur die slaap is.

,,Wat is dit nou weer van 'n spook met 'n baard?'' spot hy. ,,Eliaz sê hy het hom self gesien. Moet ons die ou storietjie weer oor hoor?''

,,Hierdie keer het ek hom self gesien, Pieter, maar natuurlik is dit nie 'n spook nie. Ek en jy staan op die punt om 'n Tarzan aan te keer.''

Pieter bars uit van die lag.

,,Moet nie lag nie. . . Dit is sowaar 'n naakte wildeman. . . of dalk 'n mal man. Ons moet in elk geval gaan uitvind."

Eliaz sluit nou ook by hulle aan.

,,Daar is die kantoor, Eliaz. Gaan bly daar. Die grootbaas, sers. Roode, sal seker so teen twee-uur hier wees met die motor. Gee vir hom kos en laat hom tuis voel. Moet nie van die Sepoko met hom praat nie, want hy sal dink ons is mal, maar vertel hom dat ons klagtes gaan ondersoek het."

Eliaz knik sy hoof en dit lyk vir André asof hy hoogs in sy skik daarmee is dat hy nie hoef saam te gaan nie.

Binne enkele oomblikke ry Pieter en André die bosse in en weldra bereik hulle die voet van die berg. Hier is daar baie klippe en stukke rotse wat hulle gang bemoeilik, maar gelukkig minder bosse.

Pieter ry met 'n glimlag op sy gesig.

,,Hoe lyk dit vir my of jy my nie glo nie, Pieter? Vee tog daardie ewige glimlag van jou bakkies af."

,,Ek glo, Sersant, maar wat sal 'n naakte ou man hier in die berge soek?"

,,Moet nie nou al vir my vra nie. Ons gaan nou mos probeer uitvind wat hy hier soek."

,,Was dit nie 'n wit naturel wat Sersant gesien het nie?" waag Pieter dit ná 'n rukkie weer.

,,Wit naturel my voet! Het jy al 'n wit naturel gesien met 'n baard van byna sestig sentimeter?"

Pieter skud sy kop. Hulle ry weer in stilte voort. Toe hulle die naboom nader waar André eers die koedoes sien wei het en later die swartes al vlugtend te voorskyn sien kom het, trek hy sy perd in en beskou die omgewing eers aandagtig. Hy kyk dan terug na die polisiestasietjie tussen die bosse. Dan val sy oog op die rotse, ongeveer vyftig tree agter die naboom.

,,By daardie rotse, Pieter, het hy te voorskyn getree, kompleet soos 'n grotmens uit die prehistoriese tyd."

Pieter lag weer.

,,Sersant, verskoon my as ek dit sê, maar jy het 'n ruime verbeelding. Dit is Sersant se praatjies wat my half bang maak."

,,Word jy bang, Pieter? Raai, ek ook. . . Ek voel nie op my gemak nie. Dit lyk so grillerig, so onmoontlik dat 'n man half kaal hier in die berge kan woon, en dat ons nou eers van hom



weet."

Skielik runnik Witvoet en staan effens terug. Sy blik is op die rotse voor hulle gevestig en die ore speel heen en weer op sy kop. Dit is duidelik dat die ryperd glad nie op sy gemak is nie. Sy senuweeagtigheid steek ook die ander perd aan.

,,Sersant, hierdie perde gewaar iets," kom dit fluisterend van Pieter.

André fluister terug.

,,Dit is presies wat ek ook sien, Pieter. Ek sê jou iets loer vir ons. Wat. . . wat is daar bo op die rots?"

André wys na die kruin van die berg waar 'n groot ronde rots hom deur al die eeue op 'n klein stukkie aarde balanseer. Pieter kyk ook op en dit is asof hy 'n beweging daar gewaar.

,,Sien jy iets, Pieter?" kom dit van André.

,,Nee, Sersant. Wat van die verkyker? Gebruik dit!"

Dit val André nou eers by dat hy die verkyker saamgebring het. Hy los die teuels, bring die instrument na sy oë en rig dit op die kruin. Ja, hy sien dit duidelik. . . daardie bebaarde gesig! Dit loer vir hulle om die groot rotsblok, en André kan die geweerloop in sy hand sien blink.

,,Pieter, daar is hy! Daar is hy ou seun! Pasop, hy het 'n geweer!"

Pieter gee sy perd spore en hou hier langs die sersant se perd stil.

,,La'k sien, Sersant."

,,Goed, laat ons eers agter daardie rotse kom."

Hy laat Witvoet vorentoe spring. Pieter volg sy voorbeeld. Hulle gly van hulle perde af en André duik tussen die rotse in. Hy sien egter dat hy op sy maag sal moet gaan lê as hy behoorlik skuiling wil geniet teen die koeëls van iemand bo-op die kruin.

,,Val plat, Pieter! Ek dink daardie wildeman lê op ons aan!"

Die fris konstabel val hier langs die sersant agter die rots neer.

,,As hy ons wou skiet, kon hy al lankal losgetrek het, Sersant. Hy verkeer in 'n ideale posisie. Selfs nou kan hy ons omkap."

André rig sy verkyker weer op die figuur daar langs die ronde granietrots. Pieter sien dat die sersant se hande effens bewe.

,,Hy is nog daar, Pieter. . . Nou kan jy vir my sê of ek gedroom het.''

Hy stoot die verkyker in die jong konstabel se hande. Pieter druk dit voor sy oë en verstel dit effens.

,,Ek sien hom met my blote oog beweeg, Pieter. Maak gou. . voordat hy agter die rots inspring! Kyk net links van die groot rots, tussen die groot en die kleiner rots, digby die naboom wat soos 'n baken daar staan.''

Maar Pieter het hom reeds gesien. Hy trek sy asem diep in en hy hoor hoe dat sy hart in sy keel klop. Natuurlik!

,,Praat, Pieter, praat! Sien jy hom? Hy lyk kompleet soos 'n duiwel!''

,,Ek sien hom, Sersant. Ek sien hom, maar vir my lyk hy taamlik. . . taamlik skadeloos.''

,,Skadeloos! En hy staar ons nog steeds aan! Wag waarskynlik totdat ons binne trefafstand gaan kom!''

,,Hoekom. . . hoekom sou hy ons wil skiet, Sersant? Hy moet 'n rede hê.''

,,'n Wilde malmens het nie rede nodig soos ons nie. Hy is mal, dit is al, en hy sal skiet!''

André wil die verkyker uit die konstabel se hand ruk, maar dan kondig Pieter aan:

,,Hy is weg, Sersant. . . Hy is weg. Hy het soos 'n haas agter daardie rots ingeduik.''

André se blik is nog op die rots gerig. Hy kan met sy blote oog sien dat die ding nie meer daar is nie. Pieter kyk na sy sersant en hy sien hoe dat die man se hart in sy keel klop.

,,Wat dink jy soek hy hier, Pieter?'' vra die sersant.

,,Ons sal moet gaan uitvind, maar ek moet sê dat ek ná hierdie gedurige gesanik oor 'n spook hier in die berge en die grootskaalse vlug van die Bantoes nou effens senuweeagtig voel.''

Die sersant loer na sy langer kollega.

,,Dit is presies soos ek voel, Pieter. Ek voel soos ek gevoel het toe ek my eerste spook gesien het.''

,,Het Sersant al 'n spook gesien?''

,,Ja, ek het,'' kom dit in alle erns terwyl André se grys oë nog steeds op die kruin rondsoek. ,,Ja, ek het. Die ding het onaards gekreun en net toe ons nader kom, het die ding hom so half gelig. Dit was in die kerkhof. . . Toe was ek maar twaalf.



Hoor, dit het gevoel of ek daar terstond in 'n hoender verander! My hele vel was koud.''

,,Verskriklik! Moet my nie bang praat nie,'' lag Van Rensburg verleë. ,,Ons moet hierdie man vang. Hy kan nie 'n spook wees nie. Ek is seker dit is 'n wilddief.''

,,Hoekom het hy dan nie daardie koedoes vanoggend geskiet nie? In plaas daarvan jaag hy swartes.''

'n Paar oomblikke lank is daar stilte.

,,Kom ons staan versigtig op, Pieter, kry ons perde en ry om die kruin.''

Dit lyk of Pieter huiwerig voel, maar hy is besig om te wonder of dit nie beter is dat een gaan nie. Die ander een kan die kruin dophou, ingeval die man met die bebaarde gesig weer verskyn en dalk begin skiet. Die een wat hier agterbly, kan dan die ander een dek.

,,Moet nie bang wees nie, Pieter. Daardie ding wat ons in die kerkhof gehoor het, was 'n koei, een van pa s'n wat lê en kalf het. . . arme ding.''

Pieter lag sag.

,,Ek is nie bang nie, Sersant, maar sê nou maar die baardman begin skiet. Dink Sersant nie dit is beter dat een vorentoe gaan nie?

André dink so 'n rukkie na.

,,Jy is reg. Ek sal nader gaan en jy dek my. Maar in hemelsnaam, as jy moet skiet, moet nie doodskiet nie. Skiet so dat hy net koes. Ek gaan.

Sersant André Beyers spring op en kruip vinnig na sy perd. In 'n oomblik is hy in die saal en beweeg by Pieter verby.

,,Hou jou oë oop, Pieter. Ek wil nie met 'n koeël kennis maak nie, noudat ek oor 'n paar uur van hierdie godverlate plek gaan vertrek nie.''

,,Toe maar, Sersant, ek sal hom nie die kans gee om korrel te vat nie.''